MNR. JACOBS : Kan die getuie maar verskoon word?

HCF : Ja, waar neem u hom uit? Wat is die voordeel van die in camera verhoor as u hom deur die publiek neem?

MNR. JACOBS : Nee, ek dink die mense is nie meer hier buite-kant nie. Ek neem aan hier is nie. Ek sal net seker maak.

HOF : Ek laat dit aan u oor, mnr. Jacobs. Dit is nie my saak nie.

MNR. JACOBS : Ons het gereël dat die gang moet skoon wees, (10) maar 'n mens kan net seker maak.

MR BIZOS : May I just indicate that I did have a note, I did not want to put it to the witness, perhaps I should put it on record that he was in the company of a police officer Erasmus outside the court. I am instructed that he came through the public corridors, apparently without anyone being too worried about it and came into court.

COURT : In any way, that is not my concern at present.

IC 2

v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. IC 2, u is 'n (20) kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Vereeniging waar u verbonde is aan die veiligheidstak? -- Dit is korrek.

'n Sekere polisiebeampte, Velapi Philemon Letsela, was verbonde aan u eenheid? -- Dit is korrek.

Weet u wat het van hom geword? Was hy 'n veiligheidspolisie-beampte? -- Dit is korrek. Hy het nog nie sy opleiding in die polisiekollege deurloop nie.

In daardie tyd, was hy toe 'n ondergrondse werker van die polisie? -- Dit is korrek, as lid van 'n organisasie wat (30) bestaan het in die Vaal Driehoek.

... / Watter

Watter organisasie was dit? -- Congress of South African Students.

Gewoonlik bekend as COSAS? -- As COSAS, ja.

Het hy dan in daardie verband vir u inligting gegee? --  
Dit is korrek.

Na die onluste in die Vaal Driehoek, weet u of hy 'n getuie sou wees in hierdie saak? -- Ja, hy sou getuienis gee oor sekere aspekte in hierdie saak.

Veral rakende COSAS? -- Dit is korrek en ook Vaal Civic Association. (10)

Kan u onthou, het hy toe na u toe gekom en 'n klagte gelê by u? -- Ja, hy het verskeie kere gekom en gesê dat daar gerugte is dat hy gedreig word dat hy aangerand sal word, vermoor sal word en dat sy huis aan die brand gesteeek sal word.

Laat ons net die rekord regkry. Leef hy nog? -- Nee, hy is op 1 September 1985 vermoor en sy huis was ook aan die brand gesteeek op 30 Junie 1985.

Toe hy by u kom kla het omtrent hierdie dreigemente wat teen hom geuiter word, het u 'n verklaring van hom geneem? -- Dit is korrek. Ek kan miskien net byvoeg, die verklaring (20) is geneem nadat sy huis aan die brand gesteeek was.

Met u verlof, U Edele, sal ek die verklaring inhandig. Ek wil dit net aan die getuie stel om dit te identifiseer.

HOF : Wat is die aard van die verklaring? Onder watter artikel val dit?

MNR. JACOBS : Dit is 'n verklaring wat hy gemaak het toe hy die klagte gemaak het en dat dit geopen was omtrent die dreigemente en dan die huis wat gebrand was.

HOF : Is die verklaring onderteken onder artikel 213?

MNR. JACOBS : Hy is onderteken en beëdig toe hy destyds (30) geneem was.

... / HOF

HOF : Vertel my net, mnr. Jacobs, onder watter artikel handig u die verklaring in?

MNR. JACOBS : Ek wil die verklaring inhandig onder die basis op die gesag van die sake in so 'n aansoek soos hierdie dat daar so 'n - dit is op twee basisse, die een is dat daar so 'n klag gelê is, dat dit 'n bewering is wat gemaak is, nie die waarheid van die inhoud daarvan in die eerste instansie nie, as dit op dié basis kan ingaan, maar meer sterk op die basis van die gesag van al hierdie sake van waar 'n mens nie net gaan op die viva voce getuienis nie, maar 'n mens ook kan buite (10) gaan by so 'n aansoek soos hierdie om die jurisdiksionele feite te bepaal voordat die Hof 'n beslissing neem. Die feit dat so iets gesê was.

HOF : U sê dat die verklaring ingaan nie as getuienis nie, maar dat dit 'n feit is buite die verhoor om, waarvan ek moet kennis neem?

MNR. JACOBS : Moet kennis neem. Dit is reg.

HOF : Hoe toets 'n mens daardie feit?

MNR. JACOBS : Ons het die getuienis van die getuie wat dan aangevul word, dat hier was so iets gesê. (20)

HOF : Die feit dat hy kom kla het, as dit aangeval word, dan kan hy seker die verklaring inhandig om dit te bewys. Ek is seker dit sal nie aangeval word dat die man kom kla het nie. Die ander aspek waarvoor u die verklaring wil inhandig is om die inhoud daarvan voor my te bewys as 'n buite-geregtelike bewysmiddel.

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Ek wil net daarvoor toegespreek word, as u wil voortgaan om die verklaring in te handig.

MNR. JACOBS : Kan ek net presies kyk of hy aan artikel 213 (30) voldoen?

... / HOF

HOF : U het 'n probleem met artikel 213. Onder daardie artikel moes u kennis gegee het van die verklaring.

MNR. JACOBS : Ja. Ek sal dit daar laat.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Kaptein is u besig met 'n aantal sake in die Vaal Driehoek gedurende die tydperk September 1984 tot nou? -- Ek was behulpsaam by sake wat ek ondersoek het, ja.

Ons weet dat daar onluste was gedurende September/Okttober 1984 en daarna in die Vaal Driehoek en ook in Sebokeng en Boipoteng, Sharpeville en die ander gebiede daar rondom. (10)  
Is dit so? -- Ja, dit is so.

HOF : Mnr. Bizos, as u praat van die Vaal Driehoek, sluit dit nie Sharpeville, Evaton ensovoorts in nie?

MNR. BIZOS : Ja, ons sal die uitdrukking Vaal Driehoek gebruik vir al daardie.

HOF : Dit gebruik ons vir watter area as geheel?

MNR. BIZOS : Dit is al die plekke wat in die laaste gedeelte van die klagstaat na verwys word. As gevolg van daardie onluste in die Driehoek, is daar 'n aantal sake wat voor die howe gekom het? -- Ja, ek is nie seker hoeveel nie, maar (20) daar is een spesifieke een waarvan ek weet.

Ons is gesê dat die Streekhof in Vanderbijlpark, Vereeniging, Leandra en ook in hierdie hofsaal te Delmas 'n aantal sake verhoor het wat oor daardie onluste gegaan het? -- Ja, dit is korrek. Ek kan nie die aantal sake noem nie. Ek weet ook nie waar almal verhoor is nie, maar ek moet net daar by noem dat van die sake wat in die Streekhof voorgekom het en die Landdroshof was gewone openbare geweldpleging waar die man gearresteer is en dadelik voorgekom het. Dit was nie 'n saak van groot omvang nie. (30)

Ons weet nie of sake waarin openbare geweld beweer word,

... / dat

dat daar skuldigbevindings en tronkstraf van vier tot ses jaar opgelê is, of dit sake van belang is of nie, maar wat ek in belangstel is dit. Dat daar is ten minste veertig tot vyftig sake waarin die klaers in die saak inwoners van die Vaal Driehoekgebied is? -- Ek kan nie die getal bevestig nie.

Daar is sake waarin inwoners in die getuiebanc gekom het en hulle getuig het in die teenwoordigheid van die publiek hoe hulle aangeval was, hoe hulle huise of besittings aan die brand gestee is, hoe hulle gedreig is ensovoorts. Is u in staat as 'n senior polisiebeampte wat in daardie gebied (10) werk om daardie stelling te ontken? -- Nee, ek kan nie.

As ek 'n lys van die sake - van party van die sake vir u uitlees, sal u in staat wees om te erken of te ontken of dit wel waar is of nie? -- Dit is vir my baie moeilik, want ek kan nie al hierdie name onthou nie. Ons het nie hierdie sake self ondersoek nie. Dit is sake wat deur ander afdelings ook ondersoek is. Ek kan nie die name erken nie.

Laat ons na die voorval van wyle mnr. Letsele gaan. Weet u waar hy aangeval is toe hy vermoor is? -- Dit was in Sebokeng gewees. (20)

Waar in Sebokeng? -- Ek kan nie die adres nou vir u gee nie.

Wat was die aard van die plek? -- Sover ek weet was hy by 'n huis en hy was op pad na sy huis toe.

Wat was die aard van die huis waar hy uitgekom het? -- Ek weet nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat dit 'n sjebeen was? -- Dit kan 'n sjebeen wees, maar ek dra nie kennis wat se huis dit was nie.

Kan ons sy werk vir die polisie, as die werk van 'n (30) beriggewer noem voor hy in die openbaar 'n polisieman geword

... / het

het? -- U kan dit so noem.

Hy het sy vriende bedrieg, nie waar nie? Hy het sy vriende en COSAS bedrieg? -- Ek weet nie of die woord bedrieg die regte woord is nie.

HOF : Kom ons gebruik die woord om die bos lei. Wat sê u van daardie terme? -- Dit is moontlik dat 'n mens dit so kon noem.

MNR. BIZOS : Ek sal Sy Edele se suggestie aanvaar. Hy het sy vriende om die bos gelei? -- Dit is korrek.

En sy vriende was jong radikale mense van COSAS? -- (10)  
Dit is korrek.

Die jong mense en partykeer ouer mense hou nie baie daarvan om om die bos gelei te word nie? -- Dit is seker so.

As hy wel deur een of ander van sy vorige kollegas vermoor was, kan u nie sê of hulle wraak geneem het omdat hulle om die bos gelei was deur mnr. Letsele nie? -- Ek verstaan nie die vraag baie mooi nie. Ek volg nie die vraag nie.

HOF : Die vraag is, kan u ontken dat hy vermoor is, indien hy vermoor is deur 'n lid van COSAS, dat hy vermoor is omdat hy COSAS om die bos gelei het? -- Dit is nou moeilik. Ek (20) kan so sê dat die persoon wie hom vermoor het, sover my kennis strek, nie 'n lid van COSAS was op daardie stadium nie, maar die dreigemente wat voorheen geuiter was, het nie gegaan oor om die bos lei nie, maar wel om die getuienis wat moontlik gegee kan word.

MNR. BIZOS : Is mense gearresteer wat nou aangekla is vir sy beweerde onwettige - vir sy beweerde moord? Is daar persone aangekla vir daardie moord? -- Ja, daar is.

Wie is hulle? -- Ek ken net die een se naam. Die ander se naam ken ek nie. (30)

Wat is die naam van die persoon? -- Die van is Maleka.

... / Spencer

Spencer Maleka? -- Dit kan die naam wees.

Het u na daardie dossier gekyk voor u hiernatoe gekom het om getuienis te gee in verband met die voorval? -- Nee, ek het nie. Die dossier is by die prokureur-generaal soos ek verstaan het.

Het u geweet voor u na die hof gekom het dat u sou getuig in verband met die omstandighede van die dood van Letsele? -- Ek het geweet dat ek sal kom getuig in verband met die dreigemente wat hy ontvang het, dat sy huis afgebrand was of aan die brand gesteeek is en dat hy vermoor is. (10)

Het u geweet dat u getuienis van belang sou wees in verband met die omstandighede of die rede waarom Letsele doodgemaak is? -- Ja, dit sou van belang wees dit wat hy aan my gesê het, die dreigemente, die rapport wat hy aan my gemaak het.

Het u dit nie as belangrik beskou om in die dossier te kyk om te sien of daar nou enige verklaring van die beskuldigdes was en of daar enige direkte getuienis van ooggetuies is in verband met die omstandighede van die dood van die ongelukkige persoon wat lig sal gooi op die omstandighede waaronder hy dood is? Het u dit nie as belangrik beskou nie? -- Ek het. Ek het (20) met die ondersoekbeampte gepraat.

Wie is die ondersoekbeampte? -- Dit is 'n konstabel, sy naam is Moses. Ek weet nie wat sy van is nie.

Sy naam is Moses en wat is sy rang? -- Hy moet 'n konstabel wees, dink ek.

Wat sou die beste manier gewees het om vas te stel wat die waarheid was in verband met die omstandighede? Om Moses te vra of om na die dossier te gaan voor u na die hof gekom het? -- Dit sou wees om na die dossier te gaan, maar ek is gistermiddag in kennis gestel dat ek moet getuienis gee (30) en die dossier is by die prokureur-generaal op die oomblik

... / vir



vir sy beslissing.

Volgens ons inligting is die bewering dat daar 'n bakleiery was in 'n sjebeen oor 'n bottel bier. Is u in staat om dit te ontken of te erken? -- Ek kan dit nie ontken of erken nie.

As dit wel waar is en ons het nie daarvan geweet nie, sou dit miskien die Hof en ons onder die verkeerde indruk geplaas het? -- Wat ek weet oor die omstandighede daar is dat Maleka aan die oorledene sou gesê het "Jy is die oorsaak dat my broer in die gevangenis is."

Is dit wat Moses aan u gesê het? -- Dit is korrek. (10)

Maar weet u of daar enige ander inligting in die dossier is of nie? -- Nee.

Die beskuldigdes in daardie saak, daar is drie - weet u dat daar drie beskuldigdes is? -- Nee, ek het gedog daar is net twee. Ek het nie geweet van drie nie.

Kan u vir die Hof sê of hulle nog in hegtenis is en of hulle op borgtog uitgelaat is? -- Nee, ek het geen idee nie.

As ek dit aan u stel dat hierdie drie persone op borg uitgelaat is, is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Ek kan dit nie ontken of erken nie. Ek is nie in staat (20) nie.

U sê u is net gevra in verband met die omstandighede gister, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Is dit die rede wat u aan die Hof wil gee waarom u nie 'n kans gehad het om die dossier deur te gaan nie? -- Ek kon die dossier miskien deurgegaan het, maar daardie dossier word deur heeltemal 'n ander afdeling ondersoek as dié waar ek werk. Met die gevolg is daardie dossier word nagesien deur die offisiere in daardie afdeling.

Het u ooit na daardie dossier gegaan om die bewerings (30) daarin te lees? -- Nee, ek het nie.

Wel, ek wil dit aan u stel dat dit nie die eerste keer was nie, was dit, vandag dat u getuienis gee of u betrokke was in verband met die omstandighede van Letsele se dood? Is dit nie? -- Ek verstaan nie die vraag nie. Bedoel u is dit die eerste keer wat ek getuienis gee daarvoor?

Het u ooit 'n eedsverklaring gemaak in verband met die omstandighede van die dood van Letsele? -- Ja, ek het.

Waar was dit? -- Op Vereeniging.

In verband met watter saak? -- Ek is nie presies seker nie. Ek was gevra deur die ondersoekbeampte om vir hom so (10) 'n verklaring te gee.

En voor u daardie beëdigde verklaring gemaak het, het u na die dossier gegaan? -- Nee, miskien moet ek net daar verduidelik. Ek ondersoek die saak waar Letsele se huis aangeval was en as gevolg daarvan het ek hierdie verklaring geneem en ook as gevolg daarvan het ek daardie beëdigde verklaring gemaak. So, ek het nooit met die dossier van die moord enigiets te doen gehad nie.

Het u geweet vir watter doel u die beëdigde verklaring gemaak het op versoek van die ondersoekbeampte in die (20) saak? -- Ja, ek het aanvaar dit is vir die hou van die verhoor in camera.

Wanneer was die verklaring gemaak vir daardie doeleindes? -- Die oorspronklike verklaring?

Ja? Wat u gemaak het? -- Daarso kan ek nie onthou of dit die teenstaan van borg was of die verhoor in camera nie. Ek is nie seker nie.

Het u geweet dat u verklaring gebruik sou word om die aansoek van die beskuldigdes vir borg teen te staan en een van die redes wat voor die Hof gelê is was u verklaring dat (30) Letsele vermoor was omdat hy 'n getuie sou gewees het in die

... / saak

maak. Het u dit geweet? -- Dit is korrek.

Het u daardie verklaring gemaak sonder om na die dossier te gaan en te probeer uitvind hoe die saak teen die drie persone wat gearresteer is vir die moord op Letsele gemaak is? -- Dit is korrek, maar ek het die verklaring gemaak op grond van wat hy aan my gesê het.

MNR. BIZOS VRA VIR 'N KORT VERDAGING.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K15

1C2, nog onder eed (10)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Kaptein, is u in staat om te erken of te ontken dat twee van daardie beskuldigdes is weer in hegtenis in verband met 'n aanklag van roof? -- Nee, ek kan dit nie erken of ontken nie.

Ons is nie heeltemal seker nie, want ons kon dit nie vasstel nie, maar u dra geen kennis daarvan nie? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

En ook dat hy die plek waar hy vermoor was - dat dit die agterplaas van 'n sjebeen was. Is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Ek kan dit nie erken of ontken nie. Ek (20) het gehoor dit was in 'n straat.

In die saak is daar 'n lang lys van getuies wat waarskynlik deur die Staat geroep sal word en ek wil aan u die versekering gee dat konstabel Letsele se naam kom nie voor op daardie lys nie.

HOF : Dit is seker vanselfsprekend. 'n Mens kan nie 'n seance hou nie.

MR BIZOS : I am sorry. I did not think of it.

Weet u wanneer Letsele vermoor was? -- As ek korrek onthou was dit 1 September. (30)

Van watter jaar? -- 1985 en sy huis was aangeval op 30

... / Junie

Junie 1985.

Die lys was voorheen opgestel? -- Ek dra geen kennis van die opstel van die lys nie. Ek was nie betrokke by die ondersoek van hierdie saak nie.

Was dit welbekend in die gemeente waar Letsele gewoon het dat hy 'n lid van die polisie was gedurende die onluste daar? Hy het rondgery saam met lede van die polisie? -- Korrek.

Ons weet dat polisiemanne gedurende die onluste teikens was vir die geweld van die mense wat daar woon? -- Daar was polisiemanne se huise afgebrand. (10)

Veral Swartpolisiemanne? -- Dit is korrek.

Is daar 'n aantal polisiemanne wie se huise beskadig is? Niemand was van plan om hulle as getuies te roep in enige saak nie? -- Die polisiemanne wie se huise beskadig was, sou wel getuienis gee in die hof.

Ja, maar in verband met die klagte van brandstigting? -- Dit is korrek. Ek weet nie of van hulle in hierdie sake sou getuienis gee nie.

Miskien is dit my swak Afrikaans wat verantwoordelik is vir 'n misverstand tussen ons, maar wat ek aan u wil stel (20) is, daar is polisiemanne se huise afgebrand wat nie as getuies sou opgetree het in enige saak voor hulle huise beskadig was nie? -- Dit kan ek nie sê nie.

Kan u vir ons sê asseblief toe u van die dreigemente gehoor het, wat se stappe u geneem het om mnr. Letsele te beskerm? -- Ons het probeer bepaal wie die persone is.

Enige ander stappe wat u gedoen het? -- Nee.

Dit is om te probeer vasstel wie die dreigemente gemaak het seker nie 'n spesiale stap nie. Dit was net die deel van die ondersoek van onwettige dreigemente? -- Hoe bedoel u (30) stappe.

... / Wel

Wel, dit is nie 'n spesiale stap om mnr. Letsele te beskerm om te probeer vasstel wie dit was nie. Dit is 'n stap, maar nie 'n spesiale stap nie. Is daar enige spesiale stappe geneem om mnr. Letsele te beskerm? -- Ons het hom aangeraai om by ander plekke te gaan slaap snags en altyd saam met ander lede te beweeg waar dit moontlik is.

Daar was geen ander stappe geneem nie? -- Geen ander stappe nie, behalwe nadat sy ouerhuis aan die brand gesteeek is, het ons gereël dat hy in die enkelkwartiere gaan woon.

I have no further questions, My Lord, but I would wish(10) to place on record that I have put a number of matters to the witness, believing them to be correct on instructions from my instructing attorneys. We have not been able to verify every one of the matters which I have put to the witness in respect of which he himself did not have any knowledge.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Kaptein, u het vir die Hof gesê dat Letsele was 'n agent wat geïnfiltreer het by COSAS en dan teruggerapporteer het. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Kan u vir ons sê tot wanneer toe was hy so 'n ondergrondse agent gewees? -- Dit is nou vir my moeilik, maar ek dink dit(20) was aan die begin van 1984 rond gewees het dat hy openlik begin werk het. Ek is nie presies seker nie.

HOF : Ek wil net duidelikheid kry. Het hy toe opgehou om 'n agent te wees of het hy toe by hulle aangesluit? -- Nee, toe het hy openlik saam met ons begin werk. Voorheen was hy nooit saam met die polisie gesien nie. Hy het ook nie na die kantoor toe gekom nie.

Tot begin 1984 was hy 'n geïnfiltreerde in COSAS. Daarna was hy openlik by die polisie? -- Dit is korrek. Ek is nie presies seker van die tydstip nie. Mag ek dalk iets sê? (30)

Op enige vraag? -- Dit is korrek. Die vrae het vir my

... / hier

hier gegaan net om die moord, maar die huis se aan die brand steek, was soort van agterweë gelaat, in die sin dat hy die dreigemente ontvang het en sy huis toe wel aan die brand gestee is. Dit is eintlik waaroor ek voel my getuienis werklik gaan. Dat die persone wat sy huis aan die brand gestee het is almal - nie almal nie, maar die meeste is gearresteer deur myself, ek ondersoek die saak, die saak is by die prokureur-generaal. Hulle is of was almal lede van COSAS gewees, maar nie lede wat saam met hom in COSAS was op daardie stadium nie. Daar was weinig van hulle wat ou COSAS lede was. (10) Hulle was almal nuwe COSAS lede gewees. Dit is ook van hierdie mense waar die dreigemente vandaan gekom het. Dit was ook mense wat gereeld kos gebring het en pakkies gebring het vir van die beskuldigdes of daarby betrokke was. Met ander woorde, dit was mense wat met hulle gesimpatiseer het.

Hulle het gereeld pakkies kos gebring, vir wie? Vir die beskuldigdes in watter saak? -- In die saak. Hulle was betrokke by die organisering van die kos bring, van pakkies. So, ek voel in hierdie geval was dit nie mense wat werklik, sal ek maar sê die mense vir wie hy werklik verrai het nie. (20) Hy was nie werklik saam met daardie klompie in die organisasie gewees nie. Hy was toe reeds uit die organisasie uit.

MNR. BIZOS VRA VERLOF OM VERDERE KRUISONDERVRAGING AAN DIE GETUIE TE STEL.

HER-KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Wie is die persone wat aangekla is en ook pakkies gebring het? Wat is die name van daardie persone?-- Daar is agtien beskuldigdes.

Ekskuus? -- Ek dink daar is agtien verdagtes of sewentien verdagtes in die saak.

Wat is die name van die persone wat in albei klasse (30) is? Wat beskuldigdes is en wat ook pakkies gebring het? --

... / Dit

Dit is moeilik om te sê wie almal pakkies gebring het na die kantoor toe, maar daar is mense wat betrokke was by die bymeekaarmaak van die pakkies en dan word dit kantoor toe gebring en van hulle het vir my gesê dat hy het gehelp met die ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Gee vir my een naam wat 'n beskuldigde is in daardie saak wat pakkies gebring het? -- 'n Persoon wat 'n beskuldigde is en wat vir my gesê het hy het gehelp by die NG Kerk in Gebied 13 waar hulle die pakkies bymekaar gemaak het, was Dottie Baba. (10)

Dat hy nie pakkies gebring het nie, maar hy was ... -- Behulpzaam met die organisasie van hierdie pakkies.

Waar is daardie persoon? -- Hy word aangehou in Groenpunt Gevangenis.

En hy is verhoorafwagend? -- Nee, hy is nog nie. Hy word aangehou ingevolge artikel 29(1) van die Veiligheidswetgewing.

Die basis van u getuienis hierop is 'n verklaring wat u van hom gekry het gedurende die tydperk wat hy 'n aangehoudene is ingevolge die bepalings van artikel 29(1). Is dit reg? (20) -- Dit is reg.

Hoe lank was hy aangehou voordat hy hierdie erkenning aan u gemaak het? -- Dit is baie moeilik om te sê op hierdie stadium. Ek kan nie presies dit nou sê nie.

Wat presies was die erkenning wat hy aan u gemaak het? -- Dit was nie 'n erkenning nie, dit was 'n mededeling ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Of 'n verklaring? -- Ja, dat hy was betrokke by die organisering daarso ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

By die NG Kerk? -- Waar hulle die pakkies bymekaar maak.(30)

By die NG Kerk?-- By die NG Kerk, ja, of waardeur dit

... / gaan

gaan. Ek weet nie of alles daar bymekaar gemaak word spesifiek nie.

Ons sal dit daar laat. Wie nog van daardie beskuldigdes? -- Dit is moeilik om vir u te sê wie nog van die beskuldigdes, maar ek kan vir u die beskuldigdes se name noem.

HOF : Mnr. Bizos, u moet tog net die getuie kans gee om klaar te praat en wat meer is, dit moet ook nog getolk word.

MNR. BIZOS : Daar is geen ander persoon wat enige erkenning of verklaring aan u gemaak het in daardie verband nie, van daardie beskuldigdes? -- Dit is moontlik dat die ander dit (10) ook kon genoem het, maar dit was nie vir my op daardie tydstip so belangrik gewees nie.

Het hy vir u gesê wie was in beheer by die NG Kerk vir die insameling van die pakkies vir beskuldigdes? Wie was in beheer van daardie aktiwiteit? -- Ek is nie nou seker nie. Daar is verskeie mense wat daar bymekaar kom.

Weet u of hy homself daar bevind het as 'n lid van die kerk wat deur die dominee of iemand anders gevra is om hulp te verleen? -- Nee, dit word nie deur die kerk gereël, sover ek kennis dra nie. (20)

HOF : Watter NG Kerk is dit? Vereeniging? -- Dit is die NG Kerk in Gebied 13, Sebokeng.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

... / MOSES